# MGD

JAARVERSLAG

2018

MATIE GEMEENSKAPSDIENS
COMMUNITY SERVICE
SIKHONZA ULUNTU

# MGD

JAARVERSLAG

2018

# Inhoud


**1.** Boodskap van die raadsvoorsitter ..... 1

**2.** Boodskap van die hoof van MGD en Adjunkdirekteur:

Sosiale Impak ..... 2

**3.** Matriekprogram ..... 4

**4.** Eenstopdiens: Studentevrywilligersprogram ..... 5

**4.1** Aktiwiteite ..... 7

**4.2** Opleiding ..... 8

**5.** Primêre Gesondheidsorgprogram ..... 9

**6.** Finansiële oorsig ..... 11

**7.** Skenkers ..... 13



# **Boodskap van die** raadsvoorsitter

Hoe vinnig het hierdie jaar, gekenmerk deur voortgesette beduidende prestasies van Matie Gemeenskapsdiens (MGD), nie verbygegaan nie! Die werk wat MGD doen met betrekking tot hul vaardigheidsopleiding en ontwikkelingsprogramme maak steeds 'n impak op histories onteiende gemeenskappe om ons universiteit en in gemarginaliseerde gemeenskappe in die breër Wes-Kaap. Gemeenskappe en organisasies wat as gashere vir ons studente optree is eweneens verbind tot die verryking van ons studente se leer, ondanks beperkte hulpbronne waarmee hulle kreatief te werk moet gaan.

MGD is 'n integrale deel van Stellenbosch en die Universiteit Stellenbosch (US). Ons stel onsself dus in lyn met die US-waardes van uitnemendheid, empatie, gelykheid, respek en verantwoordelikheid. Hierdie waardes is nêrens meer ter sake as by die snypunt tussen die Universiteit en die gemeenskap nie.

As 'n universiteit is ons kernbesigheid onderwys en meer spesifiek, navorsing en onderrig en leer wat 'n sosiale impak deur ons wederkerige en wedersyds voordelige vennootskappe maak. Ons studente word bevoordeel deur hul blootstelling aan gemeenskapsgebaseerde werk, hetsy dit vrywilligerswerk of meer formele verpligte diensleerprojekte is. In hierdie kontekste word sommige van ons studente se onvergeetlikste en mees transformerende leerervarings gekonsolideer om deel van 'n blywende Matie-ervaring te word. Wanneer ek luister hoe studente oor hul werk in Cloetesville, Idasvallei of Kayamandi gesels, is die opwinding en gevoel dat 'n betekenisvolle bydrae gelewer word baie duidelik. Soos talle jongmense wat bevoorreg genoeg is om 'n universiteit by te woon, word hulle aangevuur deur hul begeerte om 'n bydrae tot gemeenskapsbou en, uiteindelik, nasiebou te maak. Dit is dus belangrik dat ons onthou watter beduidende bydrae gemeenskapsleiers, diensverskaffers en gebruikers in gemeenskapsprojekte lewer om ons studente op aktiewe burgerskap voor te berei, 'n waarde wat hulle dikwels lank ná hul universiteitsjare bybly. Talle US-alumni wat leiersposisies op nasionale en internasionale vlak beklee se formatiewe, lonende gemeenskapsgebaseerde leerervarings het in die MGD-smeltkroes ontvlam.

Ons is dus ons gemeenskapsleiers, diens-gebruikers, bestuurders van NRO's en die dikwels onbekende en onerkende akteurs wat ons studente ontvang baie dank verskuldig. Dit is geen ligte taak om as gasheer vir studente op te tree nie. Dit verg duidelike en gedetailleerde beplanning, die toewysing van take (veral aan die begin van plasings) en gereelde kontrole terwyl studente hulle vestig.

Wedersyds voordelige vennootskappe tussen die Universiteit en gemeenskap vuur al die toegewyde MGD-personeel in die bestaande programme aan. I wag gretig op die nuwe ko-kurrikulêre programme en internskappe waarmee MGD waarskynlik 'n stempel sal afdruk in die fasilitering van vaardigheidsontwikkeling en geleenthede vir die opbou van kapasiteit en ingesteldheid vir en met studente en gemeenskapsvennote.

**Prof** Ronelle Carolissen



# **Boodskap van die** hoof van MGD en Adjunkdirekteur: Sosiale Impak

Daar is wêreldwyd toenemende erkenning van die dringendheid om 'n verskeidenheid ingewikkelde, veelvlakkige en onderling verbonde kwessies wat 'n impak op mensewelsyn het aan te pak. Hierdie kwessies sluit in voedsel-, energie- en watersekerheid; die verspreiding van aansteeklike siektes; ontwikkelings in tegnologie en medisyne; klimaatsverandering; en natuurlik onderwys. Dit word dus uiters noodsaaklik om te kyk na die bydrae wat die akademiese omgewing kan maak tot begrip en hantering van hierdie globale uitdagings en tot die voorbereiding van eendersdenkende leiers vir die toekoms.

MGD is baie opgewonde om in vennootskap met verskeie NRO's, gemeenskapsgebaseerde organisasies en ander belanghebbendes saam te werk om innoverende maniere vir samewerking deur kapasiteitsbou, navorsing en gesamentlike projekte te ondersoek om ons begrip te verdiep en ons impak, spesifiek rakende die implementering van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, wat ons werk rig, te versterk.

MGD se werk vind tans in en om die US en die groter Wes-Kaap plaas. In hierdie gemeenskappe word studente aan werklike uitdagings blootgestel en kan hulle hul akademiese kurrikula toepas om werklike oplossings te ontwikkel. Ons fokus is daarop om studente toe te rus met die geleentheid om by uitdagings betrokke te raak wat aktiewe burgerskap aanmoedig en werkervaring en 'n geleentheid bied om hul akademiese kennis met organisasies en plaaslike gemeenskappe te deel.

Ons groeiende span by MGD is daartoe verbind om ons aanbiedings relevant te hou en so ver moontlik te verseker dat die impak volhoubaar is. Die toename in die aantal vrywilligers en begunstigdes, die waardevolle terugvoering (in die jaarverslag berig) wat ons deurlopend ontvang asook die anekdotiese bewyse van ontwikkeling in mense se lewens toon dat MGD 'n positiewe impak in die lewens van individue en gemeenskappe maak.

Oor die afgelope jaar was MGD op 'n reis om onsself te herverbeel en te herposisioneer. Ons visie is om te verstaan hoe ons die vrywilligerswerk waaraan studente met passie deelneem, kan formaliseer, en onsself as 'n moderne NRO posisioneer wat vooruitstrewend en toekomsgerig is. Dit is duidelik dat die volhoubaarheid van MGD se programme nie net in 'n terugkeer na ons fondasie van verskaffing van vrywilligersdienste deur studente en personeel is nie, maar ook in die geleenthede wat in akademiese programme bestaan wat praktykgedrewe dienste aan gemeenskappe lewer en formele erkenning gee aan die ervaring wat deur US-studente opgedoen word.

MGD implementeer 'n ko-kurrikulêre program wat deur die US se Ko-Kurrikulêre Kantoor erken word. Die vaardighede wat deur ons nuwe MGD-opleidingskursus aangeleer word, soos leierskap, weetgierigheid, kritiese denke en aanpasbaarheid, sal op studente se akademiese rekords erken word. Hierdie erkenning is ons bydrae om te verseker dat US-studente deur ons werkgeïntegreerde leerprogramme meer aanstelbaar is.

Met die fokus daarop om 'n plasingsagentskap vir studente op hul kundigheidsgebied te word, sal MGD ons fokus uitbrei om die plasing van studente uit verskeie dissiplines in te sluit, veral studente wat erkende vrywilligersure as deel van kursusvereistes benodig. Die plasing van 100 Maatskaplike Werk-studente by NRO's oor die afgelope vyf jaar is 'n goeie voorbeeld van so 'n inisiatief.

Die Eenstop-studentevrywilligersprogramme bied sulke leergeleenthede vir studente deur gemeenskapsprojekte wat op werklike behoeftes fokus. Studente ontvang opleiding in volhoubare gemeenskapsontwikkeling en deur hul werk in gemeenskappe leer hulle funksionele vaardighede aan wat tot hul ontwikkeling as volwassenes in die samelewing bydra. Dit stem direk ooreen met die Universiteit se Visie 2040 om 'n transformerende studente-ervaring te bied. As MGD wil ons ons deel doen om te verseker dat studente die Universiteit met meer as net 'n graad verlaat, en dus is die hooffokus van die opleidingsentrum om studente met sowel die vaardighede as die bevoegdhede toe te rus om 'n betekenisvolle bydrae tot die wêreld te maak.

> **Ons benodig ondersoekmetodes wat wegbeweeg van verslagdoening oor wat gesien is na skepping van dít wat nog nooit gesien is nie.**
>
> *(Kinghorn, 2011)*

> **Kreatiwiteit en innovasie kan ongewone produkte en prosesse skep om die ingewikkelde probleme van ons tyd op te los.**
>
> *(US, Visie 2040)*

> **Die opvoeder se plig is om nie neutraal te wees nie.**
>
> *Paulo Freire*

# **Me** Reneé Hector-Kannemeyer





# **Matric** programme

Die Matriekprogram is ontwerp vir volwassenes wat matriek wil slaag vir persoonlike groei, om hul loopbane te bevorder of om by 'n tersiêre instelling te studeer. Die minimum vereiste om vir die program te kwalifiseer, soos deur die Departement van Onderwys gestipuleer, is graad 9.

Altesaam 244 leerders het tussen Augustus en September 2018 vir die Matriekprogram geregistreer. Klasse het in September 2018 begin. Die volgende vakke is aangebied: Afrikaans Eerste Taal, Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal, Wiskundige Geletterdheid, Wiskunde, Lewenswetenskappe, Ekonomie, Besigheidstudies, Geografie en Geskiedenis. Vyf van die dosente is deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gekontrakteer en vergoed, twee deur die Universiteit Stellenbosch en twee was vrywilligers. Die vakke is in sowel Afrikaans as Engels onderrig, met die meerderheid leerders wat hul vakke in Engels gedoen het. Die klasse was van Maandag tot Donderdag en op 'n Saterdag van 18:00 tot 21:00. Twee vakke is per aand onderrig om albei tale te ondervang. Die vakke met hoë volumes leerders was Wiskundige Geletterdheid, Lewenswetenskappe en Engels Eerste Addisionele Taal.

Charlene Williams, een van die matriekleerders het met 'n baccalaureusgraad geslaag. Dit het haar toekoms ontsluit en haar in staat gestel om aansoek te doen by 'n universiteit. Haar verhaal dien as inspirasie en motivering vir ander potensiële leerders.

> **Al hoe meer volwassenes vandag begin die nodigheid sien om matriek te doen. Dit is 'n stap in die regte rigting om jouself te bekwaam. Soms is dit omstandigheide wat daartoe lei dat mense nie verder wil leer nie. Ek het bo alles besef dat met die huidige toestand in ons land ek 'n plan sal moet maak om myself met die nodige kennis toe te rus, en dit is hoekom ek by die Matriekprogram van MGD aangesluit het.**
>
> *Charlene Williams, 2017/18-matriekleerder*

# **Eenstopdiens:** Studentevrywilligersprogram

Die Studentevrywilligersprogram bied 'n transformerende studente-ervaring deur 'n hub te verskaf vir alle studentegedrewe inisiatiewe verbonde aan sosiale impak, studentevrywilligersinisiatiewe te ondersteun en te bevorder, te verseker dat programme volhoubaar is en aan bestepraktyk-beginsels voldoen, formele opleiding aan studenteleiers te bied om hulle in staat te stel om uitstekende steun in omliggende gemeenskappe te bied en vennootskappe met bestaande gemeenskapsprojekte aan te moedig om die kapasiteit en impak van intervensies te verhoog. Die doel van al hierdie take is die volhoubare fokus op die bereiking van langtermynresultate in begunstigdes se lewens.

## Akademiese steun

Studentementors gee onderrig in Afrikaans, Engels, Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid en vorm ondersteunende verhoudings met die leerders. Hulle help leerders met Engelse taalontwikkeling; lees, skryf en begrip en om die inhoud van skoolvakke te verstaan; en fasiliteer die verwerwing van redeneringsvaardighede. Hulle werk ook aan die emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die leerders en bied akademiese programme wat help om die gaping tussen laer- en hoërskool te oorbrug. Hoërskoolleerders word gehelp om hul punte te verbeter ten einde toegang tot tersiêre onderriginstellings te verkry. Projekte word in samewerking met skole, onderwysers en ander NRO's aangebied.

## Lewensvaardighede

Hierdie projekte is op bejaardes en leerders gemik. Vir leerders is die fokus op die ontwikkeling van belangrike lewensvaardighede, soos interpersoonlike vaardighede, kommunikasie en verhoudingsbou, entrepreneuriese vaardighede, praktiese vaardighede soos rekenaargeletterdheid, die verbetering van selfrespek en ontdekking van individue se talente.



**620**

**Getal vrywilligers (Tygerberg-eenstop + Stellenbosch-eenstop)**



**1300**


**Getal begunstigdes**

## Mentorskapprogramme

Sommige van die projekte bied mentorskap en steun aan leerders, terwyl ander daarop fokus om geselskap aan bejaardes te bied of om gemeenskappe te leer om groente te kweek en so hul eie kos te produseer. Studente gebruik ook sport, spanwerk en sportreëls om vir leerders belangrike lewensvaardighede te leer. Omgewingsbeskerming-projekte help leerders en gemeenskappe om bewus te raak van hoe hulle 'n bydrae tot die volhoubare ontwikkeling en beskerming van hul omgewing kan maak.

Klusters wat aan vrywilligersaktiwiteite deelgeneem het, sluit in AmaMaties, Vic Meyer, Rubix, Validus, Victoria, Wimbeldon en Tygerberg.






## Studente-inisiatiewe volgens temas

- ONDERWYS VIR ALMAL
- VOEDSELSEKERHEID & GESONDHEID
- OMGEWING & VOLHOUBAARHEID
- SOSIALE & GESLAGSGEREGTIGHEID
- WERKSGELEENTHEDE & INKLUSIEWE EKONOMIESE ONTWIKKELING

> **Toe ek met MGD begin werk het, was ek onbewus van die omvang van die organisasie. Ek was beïndruk met die hoeveelheid werk en toewyding wat ingespan word om te verseker dat ons as studenteleiers toegerus is met die nodige inligting en hulpbronne om ons uitreikaksies uit te voer. My ervaring met MGD was fantasties en het werklik my belangstelling in gemeenskapsdiens en sosiale geregtigheid aangevuur. Dit het my studente-ervaring verryk en my in staat gestel om deurlopend te besin oor die geleenthede wat ek het en om ander te help om hul potensiaal te bereik sodat hulle soortgelyke geleenthede kan kry.**
>
> *Nolwazi Mfeka, Huiskomitee, Huis Erica*

# Aktiwiteite

## Gemeenskapsoggend

Meer as 5 000 nuwelingstudente het aan die jaarlikse Sosiale Impak Gemeenskapsoggend by die US deelgeneem, wat deel van die US se verwelkomingsprogram gevorm het. Die dag was daarop gemik om eerstejaarstudente aan gemeenskapsvennote bekend te stel wat by inisiatiewe vir sosiale impak betrokke is. Dit skakel goed in by die Universiteit se visie om onder andere kennis in diens van die samelewing te bevorder, en die strategiese tema van die ontwikkeling van doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke – in hierdie opsig in die omliggende gemeenskappe van die Universiteit.

Studente het verskeie projekte vir sosiale impak in en om die Stellenbosch- en Tygerberg-kampbusgebiede deur 'n verskeidenheid aktiwiteite besoek.

## Mandeladag 2018

Die tema van hierdie jaar se geleentheid was "100 maniere om 'n verskil te maak", wat op verskeie maniere op institusionele vlak gevier is. Aktiwiteite het uitgeloop op 'n samewerkingsgeleentheid by Hoërskool Kylemore, wat sportaktiwiteite aangebied deur Maties Sport, 'n Amazing Race-leeasaktiwiteit aangebied deur die Taalsentrum en 'n debatsessie aangebied deur WOW (Woorde Open Wêrelde) ingesluit het.

Ten einde eer aan die nalatenskap van Nelson Mandela te bring, het die Golden Key Stellenbosch-afdeling, in vennootskap met MGD, die jaarlikse Toasties for Tummies-geleentheid aangebied. Dit het op twee verskillende dae op twee verskillende plekke plaasgevind. Die Tygerberg-kampus het dit op 18 Julie 2018 aangebied en 1 619 toebroodjies gemaak. Die Stellenbosch-kampus het dit op 27 Julie 2018 aangebied en 8 842 toebroodjies gemaak. Altesaam 10 461 is dus deur albei kampusse gemaak. MGD het 170 brode aan die Rampeenheid in Stellenbosch geskenk, tesame met blaarslaai, mayonnaise en polonie.







# Opleiding

## Opleiding van E'Bosch-gemeenskapsleiers

Vier en twintig lede van gemeenskappe om Stellenbosch en die Drakenstein Munisipaliteit het in 2018 vir die E'Bosch-opleiding ingeskryf. Die opleiding is van 5 Mei 2018 aangebied, toe deelnemers hul werk aan 'n paneel voorgelê het. Die hooftemas was gemeenskapsontwikkeling, projekbestuur en leierskap. Deelnemers het hul sertifikate op 29 Augustus 2018 ontvang. 'n Tweede rondte E'Bosch-opleiding vir 40 Kayamandi-deelnemers het in Oktober 2018 begin.

## Opleiding van studentevrywilligers

Veertig studentevrywilligers is in die tweede semester in begrip van ontwikkeling, die impak van vrywilligerswerk, verkenning van leierskap en innoverende projekbeplanning opgelei. As deel van hul ervaring het studente 30 ure vrywilligerswerk by 'n NRO of instelling van hul keuse gedoen.

## Plasing van Maatskaplike Werk-studente

MGD plaas jaarliks 100 Maatskaplike Werk-studente in verskillende gemeenskappe, waar studente hul diensleerervaring as deel van hul kurrikulum voltooi.

## Bekendstelling van die Ervaringsleergeleentheid: Aktivering van Betrokke Burgerskap vir Sosiale Impak HK's

Die akkreditasie van Aktivering van Betrokke Burgerskap as 'n ko-kurrikulêre ervaringsleergeleentheid vir studente is aan die kernfunksie van die Universiteit gekoppel as 'n plek wat vennootskappe met gemeenskappe deur samewerking tussen die Universiteit en die gemeenskap kweek en bestuur. Die Eenstopdiens het 'n geleentheid vir ervaringsleer en betrokkenheid gebied, waardeur alle vennote kennis kon ontdek, mekaar kon leer en by mekaar kon leer. Dit ondersteun die institusionele verbintenis tot wederkerigheid, herstel, ontwikkeling en transformasie.

Veertig Sosiale Impak-HK's het vir hierdie ko-kurrikulêre aanbieding ingeskryf, wat oor 'n tydperk van 174 uur aangebied is. In hierdie tyd is ses formele opleidingsessies gehou, gemeenskapsbetrokkenheid het plaasgevind, en besinnings-, evaluerings- en beplanningsessies en -vergaderings is gehou.

Die volgende vaardighede en graduandi-eienskappe is aan studente-aktiwiteite gekoppel: selfbewussyn, kontekstuele leierskap, interkulturele kommunikasie, samewerking, aanpasbare denke, die skryf van voorleggings en projekbestuur.

Aanwysers van die gehalte/sukses van die program sluit die volgende in:

- Studente se betrokkenheid deur gemeenskapsinteraksie hierdie jaar het 'n enorme impak op die ontwikkeling van studente en gemeenskappe gehad.
- Studenteprojekte was hierdie jaar meer op die sewe temas van sosiale impak gefokus, wat verseker het dat projekte doelgedrewe ten opsigte van 'n tema was.
- Befondsingsinisiatiewe kon direk aan die individuele of klusterprojekte gekoppel word.
- Die aanbieding het werk in die studente-gemeenskap versterk deur stu-dente meer aanstelbaar te maak en tot die transformatiewe studente-ervaring by te dra.
- Vennootskappe met belanghebbendes is versterk en nuwe vennootskappe vir die plasingsagentskap is ontwikkel.
- Opleidingsgeleenthede vir gemeenskapsleiers het geleenthede geskep om gemeenskappe se uitdagings te identifiseer en aan te pak.

**Opleidingsmodules vir die ko-kurriukulêre aanbieding:**

***Activating Engaged Citizenship***

- Critical thinking and problem solving
- Collaboration across networks and leading by influence
- Agility and adaptability
- Initiative and entrepreneurialism
- Effective oral and written communication
- Accessing and analysing information
- Curiosity and imagination

# **Primêre** Gesondheidsorgprogram

## Kalkfontein-gemeenskap

Die MGD Primêre Gesondheidsorgprogram verskaf reeds vir die afgelope tien jaar een keer per maand hierdie nauurse primêresorg-fasiliteit aan die Kalkfontein-gemeenskap, met die fokus op die skep van 'n omgewing vir studente om hul kliniese vaardighede te slyp deur met werklike gesondheidsprobleme te werk. Die hooffokus van die werk is die voorkoming van siektes en bevordering van gesondheid, teenoor blote genesende en rehabiliterende sorg. Die verskaffing van voorskrifte vir medikasie (teen geen koste nie) by die Essential Health-apteek is deel van die diens wat gebied word. Die holistiese benadering tot gesondheidsorg, insluitende die betrokkenheid van die Aanvullende Gesondheidswetenskappe-studente, bv. finalejaarstudente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie, maak voorsiening vir assessering van jong leerders wat deur die skoolgesondheidsverpleër verwys is. Die waarde hiervan is dat leerders wat akademies sukkel ná assessering, geskikte verwysing en opvolging na hoofstroomskole kan terugkeer.



Die program is daarop gemik om toestande soos tuberkulose, seksueel oordraagbare infeksies, tienerswangerskap, alkohol- en dwelmmisbruik en talle ander sosiale siektes aan te pak.

Oor die jare heen is betekenisvolle vennootskappe met gemeenskappe en ander belanghebbendes, soos Laerskool Kalkfontein, Sarepta Ouetehuis, plaaslike klinieke en gemeenskapsforums, aangegaan.

Op grond van 'n geskiedenis met Laerskool Kalkfontein en die Kalkfontein-gemeenskap is sterk vennootskappe ontwikkel. Hierdie samewerking maak dit vir vennote moontlik om op 'n holistiese manier te werk te gaan om die behoeftes wat deur hierdie gemeenskappe geïdentifiseer is, aan te pak. 'n Gesondheidsbevorderingsdag is op 26 Mei 2018 saam met 'n NRO genaamd @Heart gehou, wat berading en sifting vir MIV doen. Studente het praatjies oor verskeie chroniese toestande soos hipertensie en diabeties aangebied.

Die voordele oor die jare het meegebring dat gemeenskappe verantwoordelikheid vir hul eie gesondheid aanvaar, vroeg mediese hulp verkry om langtermynkomplikasies te verhoed en meer betrokke raak by die besluitnemingsproses rakende hul eie gesondheid.

Die gevolglike impak was 'n afname in die aantal kinders wat deur hul moeders vir meer geringe siektes na klinieke gebring word, aangesien gesondheidsbevorderingsonderwerpe toegespits was op tekens en simptome van sulke toestande, bv. diarreale siektes, wat ernstige gevolge kan hê indien dit nie vroeg behandel word nie.

## Sarepta Ouetehuis

Sedert 2016 is 'n baie goeie vennootskap met die personeel en inwoners van die Sarepta Ouetehuis gevestig. In die samelewing het bejaardes ongelukkig die 'vergetenes' geword. In die lig van die negatiwiteit teenoor fasiliteite soos hierdie was die doel om betrokke te raak en die inwoners te stimuleer deur tyd met hulle deur te bring, speletjies te speel, versorgingsessies te hou, ens.

Die terugvoering van personeel was dat hulle 'n verandering by talle inwoners wat aan die aktiwiteite deelgeneem het, waargeneem het. Die veranderinge het ingesluit dat inwoners gelukkiger is, meer glimlag en interaksie met mekaar het en 'n verhoogde selfwaarde en 'n sin van behoort en trots ervaar.

## Doelbewuste vennootskappe

In die koshuisruimtes was die fokus van die program nie net om bestaande vennootskappe te versterk nie, maar ook om geleenthede vir die ontwikkeling van nuwe vennootskappe te skep.

Hier onder volg voorbeelde van hierdie vennootskappe:

Bellville Nagskuiling: Studente het die skuiling besoek om interaksie met die inwoners te hê en verskeie aktiwiteite soos gesondheidsbevordering met hulle te doen. Die skuiling bied ook opleidingswerkswinkels vir inwoners aan om hul geleenthede om werk te kry, te verhoog.

Tygerberg Hospitaal: Hierdie vennootskap met die kindersaal het 'n paar jaar gelede begin, waar studente vir kinders wat langtermynpasiënte is voorlees.

SALT (Sharing Abundant Life Together): Die doel van die projek is om kwesbare vroue en kinders te bemagtig. Met hierdie samewerking tussen die Kerkenberg-inwoners en SALT hanteer studente gesondheidsbevordering oor onderwerpe soos seksueel oordraagbare infeksies en tienerswangerskap en doen basiese sifting van pasiënte soos bloeddruk- en bloedsuikermonitering onder die direkte leiding van professionele gesondheidsorgpersoneel by die fasiliteit. Die sentrum bied ook dienste soos tutoriale op Saterdae vir graad 10- tot 12-leerders en bied ook 'n ruimte waar leerders ná skool huiswerk kan doen. Die sentrum werk saam met plaaslike klinieke in die gebied, waar die fokus op vroeë kinderontwikkeling is.


## Transformerende studente-ervaring

Die program bied vrywilligersgeleenthede deur verskillende projekte om vaardighede te ontwikkel. Studente ontwikkel verskeie vaardigheidstelle wat nie net praktiese vaardighede nie, maar ook sagte vaardighede behels, soos leierskapsvaardighede, kommunikasievaardighede en die vorming van betekenisvolle vennootskappe. Die doel is dat studente kreatiewe vermoëns ontwikkel, verantwoordelike burgers word en op plaaslike en internasionale platforms deur betekenisvolle gesprekke betrokke raak.


Deur die ko-kurrikulêre program sal studente formele erkenning op hul akademiese rekords vir die praktiese aanwending van hul klaskamerkennis kry.

# **Finansiële** oorsig

PROGRAM UITGAWES 2018




INKOMSTE 2018



# Erkenning

NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

MGD erken die bydrae van die National Lottery Fund tot die suksesvolle implementering van die MGD-vrywilligersprogram.

# Skenkers

Anglo American Fund
CB van Staden
Connect
EJ Lombardi Trust
Golden Key
Het Jan Marais Trust
National Lotto Foundation
Universiteit Stellenbosch
USKOR Trust

# KONTAK ONS

**STELLENBOSCH**

MGD Stellenbosch
Privaatsak X1 | Matieland 7602
Kamer 2008 | Lückhoff Skool Gebou
Banhoekweg | Stellenbosch
Tel: 021 808 3638

**TYGERBERG**

MGD Tygerberg
Posbus 241 | Kaapstad 8001
Kamer 2012 | Studentesentrum
Tygerberg-kampus
Tel: 021 938 9310

https://www.sun.ac.za/si/af-za/Pages/MGD.aspx
www.facebook.com/MGDStellenbosch
Twitter: @MGD_US
NRO Registrasienommer: 003249